# HOOFSTUK X.

## STAATSPRESIDENT EN KRYGSMAG.

Hoewel die krygsmag geen afsonderlike regeringsorgaan was nie, is 'n kort bespreking van die verhouding tussen staatspresident en krygsmag noodsaaklik vanweë die kardinale rol van die krygsmag in die handhawing van orde en beskerming van die staat en sy onafhanklikheid. Vooraf moet egter eers vasgestel word hoe die krygsmag van die Z.A.R. saamgestel was.

### 1. Die Krygsmag van die Z.A.R.

Die krygsmag van die Z.A.R. was saamgestel uit vier verskillende afdelings.

#### (a) Die gewapende burgermag.

Die gewapende burgermag het die hoofafdeling van die krygsmag gevorm. Ten opsigte van die verdediging en beskerming van die staat was die burgers in die eerste plek verantwoordelik, soos trouens duidelik uit die Grondwet blyk:

> "Het volk behoudt uitsluitend aan zich de bescherming en verdediging van de onafhankelykheid en onschendbaarheid van Kerk en Staat, overeenkomstig de Wetten." 1)

Hierdie plig van die burgers is nog 'n keer in die Grondwet aangeroer:

> "Ingeval van vyandeliken inval van buiten, zal een ieder zonder onderscheid 2) gehouden zyn om met de uitvaardiging der oorlogswet zynen bystand daartoe te verleenen." 3)

Die gewapende burgermag het bestaan uit al die weerbare burgers van die Republiek, en indien nodig, ook uit alle weerbare kleurlingmans, wie se opperhoofde

---

1) Grondwet, 1858, art. 11; ibid., 1889, art. 11 (Locale Wetten der Z.A.R. 1888-1889, bl.174); Wet 2/1896, art. 11 (ibid., 1896, bl. 36); Konsepgrondwet, 1899, art. 15, soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 620, 27 Julie 1899.

2) Aan sommige persone is deur die wet vrystelling van militêre diens verleen, waaroor later in hierdie hoofstuk gehandel word.

3) Grondwet, 1858, art. 26; ibid., 1889, art. 23; Wet 2/1896, art. 23; Konsepgrondwet, 1899, art. 74, soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 775, 8 Aug. 1899.

onder die jurisdiksie van die Republiek geval het.[4] Onder weerbare burgers is verstaan alle blanke mans tussen die ouderdomme van 16 en 60 jaar en alle kleurlingmans wat in staat was om gedurende 'n oorlog diens te kon verrig.[5]

Vir die organisasie van die gewapende burgermag is die land in verskillende afdelings en onderafdelings verdeel. Die kleinste afdelings was die wyke of veldkornetskappe. Die burgers wat binne die grense van die bepaalde wyke woonagtig was, moes almal aan daardie besondere afdeling van die gewapende burgermag behoort, onder die bevel van 'n veldkornet bygestaan deur assistent-veldkornette. 'n Aantal veldkornetskappe het saam 'n distrik gevorm, met 'n kommandant as bevelvoerende offisier, terwyl al die distrikte gesamentlik die geheel van die gewapende burgermag gekonstitueer het, met die kommandant-generaal as algemene bevelvoerder. Die grens van die wyke en distrikte moes vasgestel word deur gesamentlike oorleg van die staatspresident, die kommandant-generaal en kommandante en veldkornette van aangrensende gebiede.[6]

(b) Vrywilligerskorpse.

Hoewel daar in die Grondwet van die Z.A.R. geen melding van vrywilligerskorpse gemaak word nie, het sodanige korpse feitlik van die begin van die Republiek af bestaan.

---

4) Grondwet, 1858, art. 96; Instruksie vir Kommandante, 1858, art. 1 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 100); Wet 2/1883, art. 6 (ibid., bl. 1166); Grondwet, 1889, art. 93 (ibid., 1888-1889, bl.186); Wet 2/1896, art. 117 (ibid., 1896, bl. 50); Wet 20/1898, art. 3 (ibid., 1898 bl. 229).

5) Grondwet, 1858, art. 97; Instruksie vir Kommandante, 1858 art. 2; Wet 2/1883, art 6, Grondwet, 1889, art. 95; Wet 2/1896 art. 119; Wet 20/1898, art.3.

6) Grondwet, 1858, art. 98; Instruksie vir Kommandante, 1858, art. 3; Grondwet, 1889, art. 96; Wet 2/1896, art. 120. In die nuwe Krygswet van 1898 is die grensvasstelling opgedra aan die Kommandant-generaal in gesamentlike oorleg met die aangrensende kommandante en veldkornette, onder nadere bekragtiging van die Uitvoerende Raad (Wet 20/1898, art. 11 - Locale Wetten der Z.A.R., 1898, bl. 231).

Hierdie korpse is aanvanklik op die been gebring as daar een of ander spesiale taak te verrig was. In 1867 word daar byvoorbeeld melding gemaak van so 'n spesiale korps, die Pretoria Rifle Corps, met Stephanus Schoeman as bevelhebber,[7] wat aangebied het om na Zoutpansberg te gaan met die doel om Schoemansdal uit die hande van die kaffers te herneem en die opstandige naturellestamme tot onderwerping te dwing.[8] Dat hierdie vrywilligerskorps onafhanklik van die gewapende burgermag, wat alreeds onder bevel van kommandant-generaal Paul Kruger in die veld was, sou optree, blyk duidelik uit die instruksie van die Staatspresident aan kolonel Stephanus Schoeman.9)

---

7) As sodanig deur president M.W. Pretorius aangestel op 8 Aug. 1867. Kyk S.S.89, supplementêre stukke, no. 61/67: Kopie van Aanstellingsakte.

8) Ibid. en S.S.89, supplementêre stukke, no.61/67: Pres. M.W. Pretorius aan S. Schoeman, d.d. 18 Aug. 1867; Uitvoerende Raadsnotule, 7 Aug. 1867 (namiddag-sitting). Kyk ook Van Oordt: a.w., bl. 134; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll. 164-165.

9) S.S.89, supplementêre stukke, no. 61/67: Pres. M.W. Pretorius aan S. Schoeman, d.d. 18 Aug. 1867. Die instruksie lui as volg:

> "Daar ik u, als kolonel van het Pretoria Rifle Corps, heb gelast naar Zoutpansberg op te trekken met de manschappen van dat Corps, en daar reeds eenige perzonen van Uw Corps met het Commando naar Zoutpansberg zyn gegaan, onder bevel van den WelEd. Gestr. Heer Commt.- Generaal Kruger, zoo wordt u hiermede geautoriseerd, wanneer gy te Zoutpansberg, of by het lager van den WelEd. Gestr. Heer Kruger zult komen, de manschappen van uw Corps zich daar bevindende, onder uw Commando te roepen.
> Gy zult met uwe onderhebbende officieren u eigene krygsraad houden, en uitspraken geven waar noodig is, en van uwe handelingen verslag en rapport doen aan my en den Uitvoerenden Raad.
> Ingesloten ontvangt u tevens uwe aanstelling als bevelhebber van de vrywilligers, en wordt tevens geauthoriseerd vrywilligers aan te werven waar gy die ook krygen kunt.
> Uit bygaand uittreksel uit de Notulen van den Uitv. Raad zult u zien dat Gy magt heb om slagtvee te koopen en in de levensbehoeften van de vrywilligers te voorzien."

In 1876 het die Volksraad op versoek van president Burgers sy goedkeuring geheg aan

> "Voorwaarden waarop het Gouvernement der Zuid-Afrikaansche Republiek genegen is een Corps van Vrywilliegers tot stand te brengen, met het doel om den rebel Secocoeni ten onder te brengen."10)

In 1894 is weer 'n wet deur die Volksraad aanvaar waardeur die oprigting van vrywilligerskorpse gereël is.[11]

Aangesien die vrywilligerskorpse heelwat uitgawes vir die staat meegebring het, het die Eerste Volksraad in 1898 aan die Regering opdrag gegee om die oprigting van nuwe vrywilligerskorpse voorlopig nie toe te laat nie tot tyd en wyl die burgers se sienswyse in verband met die hele aangeleentheid verneem is.[12] Die reaksie van die publiek was oorweldigend. Nege-en-twintig memories, gesamentlik onderteken deur 1728 burgers het die afskaffing van alle vrywilligerskorpse versoek, terwyl slegs 317 burgers hulle ten gunste van die behoud daarvan uitgespreek het.[13] Op grond van die gevoelens van die volk, het die Volksraad na lang bespreking[14] tot die besluit gekom om Wet 17/1894 te herroep vanaf 31 Desember 1898, en is aan die Regering opdrag gegee om voorbereidende maatreëls te tref om die bestaande korpse te ontbind.[15]

(c) Artilleriekorps.

Die Artilleriekorps van die Z.A.R. het sy oorsprong aan president Burgers te danke gehad. In die Grondwetswysiginge wat in 1877 op sy voorstel

---

10) Volksraadsnotule, art. 27, 20 Sept. 1876 en Wet 4/1876 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bll. 671 e.v.). Vgl. ook Wet 5/1876 (regelende de Voorwaarden voor het Vrywilliger Corps van Middelburg) (ibid., bll. 673 e.v.).

11) Notule Eerste Volksraad, art. 1484, 25 Aug. 1894 en Wet 17/1894 (Locale Wetten der Z.A.R.,1894, bll. 210-211).

12) Notule Eerste Volksraad, artt.286-287, 7 Maart 1898.

13) Kyk Memorie-kommissie-rapport, opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art.1035, 26 Aug. 1898.

14) Notule Eerste Volksraad, artt.1035-1041, 26-29 Sept.1898

15) Ibid., art. 1042, 29 Aug. 1898 (ook gepubliseer in Locale Wetten der Z.A.R. 1898, bl. 309)

deur die Volksraad aanvaar en goedgekeur is, word vir die eerste keer in die geskiedenis van die Z.A.R. van 'n artilleriekorps melding gemaak, toe bepaal is dat daar sodanige korps sou bestaan, wat saam met die landspolisie uit minstens 125 man saamgestel moes wees, en waarvoor ~~ongeveer~~ jaarliks op die begroting voorsiening gemaak moes word.[16] By die herstel van die Republiek in 1881 is die voorsiening weereens bekragtig en na dit onveranderd tydens die verdere bestaan van die Republiek gehandhaaf.[17] Hierdie Artilleriekorps is mettertyd uitgebrei en het die kern van die krygsmag van die Republiek gevorm. Dit moes elke oomblik gereed wees om in aksie te tree waar dit nodig was.[18] Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het hierdie Artilleriekorps 'n uiters belangrike rol gespeel.

(d) Die Landspolisie.

Neas die Artilleriekorps is in 1877 op voorstel van president Burgers deur die Volksraad toestemming verleen tot die oprigting van 'n polisiemag.[19] Hoewel die Polisiemag in die eerste plek met die handhawing van orde binne die staat belas was, kon die regering, in oorleg met die kommandant-generaal, dit ook gebruik om die Republiek teen vyandelike aanvalle te verdedig.[20]

2. Oorlogsverklaring en vredesluiting.

Die reg om oorlog te verklaar en vrede te sluit is deur die Grondwet aan die staatspresident van die Z.A.R. verleen, maar daarvoor is gesorg dat hierdie reg aan deeglike kontrole onderwerp word sodat die president nie na willekeur kon handel nie. Waar al-

---

16) Toevoeging tot Grondwet, 1877, hoofstuk 1, art. 19 (ibid., 1849-1885, bl. 682).

17) Wet 3/1881, art. 15 (ibid., bl. 1028; (Grondwet, 1889, art. 94 (ibid., 1888-1889, bl. 186); Wet 2/1896, art. 118 (ibid., 1896, bl. 50).

18) Vgl. Josson: a.w., bl. 138.

19) Toevoeging tot Grondwet, 1877, hoofstuk 1, art. 19 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 682). Kyk ook Wet 3/1881, art. 15; Grondwet, 1889, art. 94; Wet 2/1896, art. 118.

20) Josson: a.w., bl. 139.

reeds in 1854 in die Konstitusie van die O.V.S. 'n bepaling opgeneem is waarin verklaar is dat die Staatspresident van dié Republiek, met die toestemming van die Volksraad oorlog kon verklaar en vrede kon sluit,[21] bevat die 1858-Grondwet van die Z.A.R. nie 'n bepaling waarin oorlogsverklaring en vredesluiting definitief gereël word nie, maar dit is duidelik dat hierdie aangeleentheid by die volgende artikel van die Grondwet inbegrepe was.

> "Geen tractaat of bondgenootschap met buitenlansche mogendheden of volkeren mag aangeboden, aangenomen of gesloten worden, dan nadat de Volksraad door den President en de Leden van den Uitvoerenden Raad is opgeroepen, om daarover zyn gevoelen kenbaar te maken, zullende het voorstel volgens het oordeel der leden van den Volksraad goedgekeurd en vastgesteld of afgekeurd worden."[22]

Verder word in die 1858-Grondwet nog 'n keer van 'n oorlogsverklaring gespreek deur die vereiste wat neergelê is dat die <u>eenparige beslissing</u> van die Uitvoerende Raad daarvoor nodig was.[23]

In die praktyk sou hierdie omslagtige prosedure om eers die eenparige beslissing van die Uitvoerende Raad te verkry en daarna die Volksraad in spesiale sitting byeen te roep indien die liggaam nie op die betrokke tydstip in sitting is nie, in die meeste gevalle moeilik toegepas kon word omdat omstandighede gewoonlik 'n baie sneller optrede sou vereis. In die O.V.S. is hierdie probleem baie gou besef sodat die Volksraad alreeds in 1856 op voorstel van president Boshof ten opsigte van artikel 36 van die Konstitusie verklaar het dat onder die artikel

> "niet zal worden verstaan, dat de Staats President, zonder vooraf bekomene goedkeuring van den Volksraad, het regt niet hebben zal om te handelen met of zonder advies van den Uitvoerenden Raad; maar dat hy gehouden zyn zal om in elk der hieronder vermelde maatregelen te nemen om,

---

[21] Konstitusie (O.V.S.), 1854, art. 36; ibid., 1866, art. 38; <u>Wetboek van den Oranjevrystaat, 1854-1891</u>, bl. 16.

[22] Grondwet (Z.A.R.), 1858, art. 27.

[23] Ibid., art. 86.

> indien vereischt, door geweld van wapenen de Regten van dezen Staat te doen gelden of verdedigen, en het leven, de goederen en Regten van de Ingezetenen van den Staat te beschermen, als .... "24)

Die lys van gevalle ten opsigte waarvan die staatspresident sodanig kon optree, het o.a. binnelandse onluste sowel as dreigende aanvalle van buitelandse magte ingesluit. Van sulke selfstandige handelinge moes dan later aan die Volksraad verslag gedoen word.[25] Hoewel hierdie bepaling later weer deur die Volksraad tot niet gedoen is, het dit in die praktyk egter geen verandering gebring nie en het die president altyd oorlog verklaar en vrede gesluit terwyl die Volksraad sy handelswyse later goedgekeur het.[26] Dit was 'n besonder belangrike en uitgebreide mag wat hier aan die staatspresident toevertrou was, want daardeur kon hy die land na willekeur telkens voor 'n voldonge feit gestel het. In die O.V.S. het egter gelukkig geen geval voorgekom waar 'n President op 'n onverantwoordelike wyse oorlog verklaar het, maar is dit alleen gedoen wanneer alle ander middele om 'n oorlog te voorkom nie geslaag het nie.[27]

Aangesien die Z.A.R. aanvanklik geen buitelandse oorloë of oorloë teen buitelandse magte gevoer het, wat deur oorlogsverklaringe en vredesverdrae van internasionale erkenning vooraf gegaan en gevolg is nie, is die moeilikhede aan boegenoemde prosedure van oorlogsverklaring nie besef nie, maar tydens die regering van president Burgers is 'n krygswet opgestel, waarin aan die staatspresident die mag verleen is om met toestemming van die Uitvoerende Raad oorlog te verklaar en vrede te sluit. Die vredestraktaat moes deur die Volksraad goedgekeur word en derhalwe moes die Volksraad as so 'n verdrag gesluit moes word, so

---

24) Ordonnansie 1/1856 (O.V.S.), afd.: "Betrekkelyk de verklaring van oorlog, of het maken van vrede," art. 1.

25) Ibid.

26) Scholtz: a.w., bll. 79 en 111.

27) Ibid., bl. 79.

gou as moontlik bymekaar geroep word.[28] In 1883 het die Uitvoerende Raad hierdie bepaling onveranderd opgeneem in die nuwe Konsep-krygswet.[29] Onmiddellik nadat die konsepwet ter bespreking voorgelê is, het raadslid N.J. Smit beswaar geopper teen gemelde artikel 1 en het hy die Raad gewys op

> "het gewigt verbonden aan het verklaren van oorlog en op de mogelyke gevolgen die het na zich kon slepen, 't verlies van menschenlevens en van duizenden van ponden aan de schatkist."

Hierdie beswaar was nie teen die toenmalige Staatspresident (Kruger) gemik nie,

> "maar met het oog op de mogelykheid dat men later een President kon hebben die tegen 't volk gekant was en willekeurig handelde. Het gansche land kon door een ongewenschte oorlogsverklaring in verdrukking vallen. Hy wilde deze magt dus beperken. Hy was niet dadelyk bereid om wyziging voor te stellen, doch hy hoopte dat andere leden dit zouden kunnen doen."[30]

Die saak is baie goed beredeneer en die algemene gevoel was dat die mag van die staatspresident en Uitvoerende Raad so beperk moes word dat ook oorlogsverklaringe die goedkeuring van die Volksraad moes erlang. President Kruger het die Raad egter op twee moeilikhede in verband met so ŉ beperking gewys, naamlik, eerstens, dat omstandighede so dringend kon wees dat daar nie tyd sou wees om die Volksraad se goedkeuring te verkry nie. Hy was gewillig dat by die artikel ŉ klousule ingesluit word wat bepaal dat die oorlogsverklaring aan die Volksraad voorgelê moes word indien die tyd dit sou toelaat, maar dit moes nie verpligtend gemaak word nie. ŉ Tweede probleem waarop hy gewys het, was dat die volk eers op die goedkeuring van so ŉ oorlogsverklaring deur die Volksraad sou wag en nie dadelik op die vereiste tye en plekke sou optree nie.[31]

---

28) Wet 2/1876, art. 1 (<u>Locale Wetten der Z.A.R.1849-1885</u>, bl. 649).

29) Conceptwet voor den Krygsdienst, art.1. ŉ Kopie van die konsepwet kom voor in Volksraadsnotule, art.48, 10 Mei 1883 (Byvoegsel <u>Staatscourant</u>, 24 Mei 1883).

30) Volksraadsnotule, art.93, 18 Mei 1883 (Byvoegsel <u>Staatscourant</u>, 7 Junie 1883).

31) Ibid.

Uiteindelik het die Volksraad die suggestie van president Kruger aanvaar en die voorgestelde artikel as volg gewysig:

> "De Staatspresident met toestemming van den Uitvoerenden Raad, verklaart oorlog en vrede met verwyzing naar art. 70 der Grondwet, zullende de Regering zoo mogelyk eerst den Volksraad byeenroepen vóór de oorlogsverklaring. Het vredestractaat behoeft de goedkeuring van den Volksraad, die daartoe zoo spoedig mogelyk wordt zamengeroepen."[32]

Vir die res van die bestaan van die Republiek is nie weer aan hierdie bepalings getorring nie,[33] behalwe in 1899, toe dit weer so gewysig is dat die staatspresident in oorlog met die kommandant-generaal en met toestemming van die Uitvoerende Raad oorlog kon verklaar en vrede kon sluit. In sodanige gevalle moes die Eerste Volksraad byeengeroep word, indien moontlik nog voor die oorlogsverklaring plaasvind, terwyl die vredestraktaat ook deur die liggaam goedgekeur moes word.[34]

In die opsig was die staatspresident van die Z.A.R. dus baie meer gebonde as dié van die O.V.S.

Die Z.A.R. was in 1881 vir die eerste keer verplig om 'n oorlog teen 'n buitelandse mag te voer. Tydens die anneksasie-periode sedert 1877 is alle moontlike pogings aangewend om die Britse outoriteite van die onwenslikheid van die anneksasie te oortuig,[35] maar toe dit nie wou help nie, het 'n groot volksvergadering van tussen 4000 en 5000 burgers op 8 Desember 1880 te Paardekraal geëis dat die regering van die Republiek herstel moes word,[36] en is aan Paul

---

32) Ibid., art. 97, 19 Mei 1883 (Byvoegsel Staatscourant, 7 Junie 1883).

33) Kyk Grondwet, 1889, art. 67 (Locale Wetten der Z.A.R., 1888-1889, bl. 182); Wet 2/1896, art.92 (ibid., 1896, bl. 46) Wet 20/1898, art.1 (ibid., bl. 229).

34) Konsepgrondwet, 1889, art. 73, soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 775, 8 Aug. 1899. Die nuwe Grondwet is egter nie finaal goedgekeur nie, en het dus nooit in werking getree nie.

35) Vir besonderhede kyk Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal, hoofstukke XVI en XVII; Van Oordt: a.w., hoofstukke 26-33.

36) So 'n besluit is alreeds 'n jaar tevore op die vergadering te Wonderfontein (15 Des. 1879) deur 6300 burgers geneem (Leyds:ibid., 317; Van Oordt: ibid., bll. 287-288).

Kruger, wat in Maart 1877 deur die Volksraad as Vise-president van die Z.A.R. benoem is, om in afwesigheid van die Staatspresident, wat die land intussen verlaat het, opgedra om die Volksraad so gou moontlik byeen te roep.[37] Die Volksraad, wat op 13 Desember 1880 vergader het, het dadelik daartoe oorgegaan om op voorstel van die Uitvoerende Raad, 'n voorlopige Uitvoerende gesag daar te stel, bestaande uit die vise-president, Kruger, Piet Joubert as Kommandant-generaal en M.W. Pretorius. Hierdie drie persone het die Driemanskap gevorm en sou optree in die plek van die Staatspresident. Die heer Jacob Maré is ook nog as lid gekies om die Uitvoerende Raad voltallig te maak.[38]

Daarmee was die regering van die Z.A.R. herstel en was die toneel geset vir die ultimatum wat aan die Britse outoriteite gerig sou word. Die proklamasie waarin die herstel en onafhanklikheid van die Republiek bekend gemaak en krygswet afgekondig is,[39] was terselfdertyd 'n oorlogsverklaring want op grond dáarvan het die Driemanskap op 15 Desember 1880 amptelik die ultimatum aan Sir Owen Lanyon gerig.[40] Hierdie eerste oorlogsverklaring van die Z.A.R. het geheel en al volgens die voorskrif van die Grondwet van 1858 plaasgevind. Gemelde proklamasie is namens die Uitvoerende Raad deur dr. Jorissen en die heer Bok opgestel en is daarna aan die goedkeuring van die Volksraad voorgelê. Eweneens het die vredesverdrag ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet tot stand gekom. Nadat kommandant-generaal Piet Joubert en sir Evelyn Wood 'n wapenstilstandsooreenkoms gesluit het,[41] is vredesonderhandelinge gevoer tussen die Britse verteenwoordigers en die Drie-

---

[37] Van Oordt: t.a.p., bl. 304.
[38] Ibid., bl. 307.
[39] Volledig gepubliseer in ibid., bll. 307-312.
[40] Gepubliseer in ibid., bll. 314-315.
[41] Leyds: <u>De Eerste Annexatie van de Transvaal</u>, bll. 357-359; Van Oordt: a.w., bll. 330-333.

manskap, laasgenoemde bygestaan deur nog drie lede van die Uitvoerende Raad, en het 'n voorlopige vredesverdrag tot stand gekom,[42] gevolg deur 'n finale vredesverdrag, die Pretoria-konvensie[43] op 3 Augustus 1881, waarná dit ter bekragtiging aan die Volksraad voorgelê is.[44]

Aangaande die oorlogsverklaring wat die Tweede Vryheidsoorlog voorafgegaan het, wil dit voorkom asof die teks van die ultimatum nie vooraf deur die Volksraad bespreek en goedgekeur is nie, maar dat dit deur die Staatspresident en Uitvoerende Raad opgestel en aan die Britse outoriteite oorhandig is kragtens die volmag wat deur die Volksraad in sy geheime sitting van 28 en 29 September 1899[45] aan die Staatspresident en Uitvoerende Raad verleen is.[46] Indirek is die oorlogsverklaring dus goedgekeur om uitgereik te word wanneer die President en Uitvoerende Raad die tyd daarvoor as geleë beskou het. Toe vrede in 1902 gesluit moes word, het die Volksraad van die Z.A.R. weëns oorlogsomstandighede nie meer bestaan nie, en toe lord Kitchener die Regerings van die twee Republieke in kennis gestel het dat algehele onderwerping die enigste basis is waarop vrede gesluit kon word, het die Regerings verklaar dat hulle volgens die Grondwette van die onderskeie Republieke nie die reg gehad het om sodanige vredesvoorstelle te aanvaar nie.[47] In die afwesigheid van 'n Volksraad is ooreengekom dat toestemming daartoe van die oorlogvoerende burgers verkry sou word. Die afgevaardigdes van die burgers

---

42) Leyds: ibid., bll. 361-363; Van Oordt: ibid., hoofstuk 34.
43) Eybers: a.w., bll. 455 e.v.; Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bll. 996-1009. Kyk ook Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal, hoofstuk XX.
44) Leyds: ibid., bll. 381-382.
45) Kyk bl. 392 van hierdie werk.
46) Hugo: Die Kruger-ultimatum (Historiese Studies, Okt.-Des. 1943, bll. 191-192). H.C. Armstrong beweer op bl. 68 van sy werk Grey Steel (J.C. Smuts). A Study in Arrogance (London, 1939) dat die beslissing aan die Staatspresident alleen oorgelaat is. Dit skyn nie korrek te wees nie.
47) Van der Merwe: M.T. Steyn II, bl. 48.

het saam met die Regerings van die twee Republieke en die Britse verteenwoordigers te Vereeniging byeengekom, waar uiteindelik op 31 Mei 1902 die vredesverdrag goedgekeur is.[48] Hierdie vergadering was meteens ook die laaste byeenkoms van verteenwoordigers van die twee Boere-republieke.[49]

3. Krygsmag as instrument in hande van Staatspresident.

Watter belangrike rol die krygsmag as instrument in die hande van die staatspresident in die uitvoering van sy taak gespeel het, blyk al dadelik as mens let op die besondere take wat aan die verskillende afdelings van die mag opgedra is.

Wat die gewapende burgermag betref, is aan die assistent-veldkornette en veldkornette met die burgers in hulle onderskeie wyke die handhawing van orde opgedra,[50] waaronder verstaan is

> "de nakoming der wetten, de ten uitvoerlegging der vonnissen na ontvangen order; en de inachtneming der maatregelen van algemeen en plaatselyk belang; voorts het opzicht over de kleurlingen en het tegengaan van landloopery en vagebonden in de veldkornetschappen.[51]

Kommandante, met die burgers van die onderskeie distrikte, is verantwoordelik gestel vir alle kommando's in verband met opstande van binnelandse naturellestamme, met die doel om opperhoofde van sodanige stamme tot hulle plig te bring,[52] terwyl die kommandant-generaal met die hele burgermag verantwoordelik was vir kommando's tot demping van onluste onder die blanke inwoners van die staat, sowel as vir die verdediging van die land en oorlogvoering teen buitelandse vyande.[53]

---

[48] Kyk D.W. Krüger: Die Tweede Vryheidsoorlog (Geskiedenis van Suid-Afrika I, bll. 601 e.v.)

[49] Ibid., bll. 604-605.

[50] Grondwet, 1858, art. 104; ibid., 1889, art.102; Wet 2/1896, art. 126.

[51] Grondwet, 1858, art. 105(a); ibid., 1899, art. 103(a); Wet 2/1896, art. 127(a).

[52] Grondwet, 1858, artt. 104 en 105(b); ibid.,1889, artt. 102 en 103(b); Wet 2/1896, artt. 126 en 127(b).

[53] Grondwet, 1858, artt. 104 en 105 (c en d); ibid., 1889, artt. 102 en 103 (c en d); Wet 2/1896, artt. 126 en 127 (c en d).

Vrywilligerskorpse, die artillerie en landspolisie kon natuurlik deur die Regering gebruik word waar dit as nodig beskou is.

(a) <u>Lasgewing tot optrede van Krygsmag en oproeping van burgers.</u>

Hoewel die taak om opdrag te gee as 'n kommando moes uittrek nie in die eerste Grondwet aan die staatspresident opgedra is nie, en ook nie aan iemand anders nie, was dit van die begin van die bestaan van die Republiek af die president wat gereeld opdrag gegee het as 'n kommando moes uitgaan en dat die burgers van sekere wyke of distrikte vir die doel opgeroep moes word.[54] In 1864 het dit ook gebeur dat die Volksraad self beveel het dat 'n kommando in verband met die naturelle-onluste na Zoutpansberg moes gaan.[55] Dit het ook by enkele geleenthede gebeur dat die kommandant-generaal self besluit het om 'n kommando êrens heen te stuur of te neem, van welke voornemens hy dan aan die president kennis gegee het met die hoop dat dit die staatshoof se goedkeuring sou wegdra.[56]

Tydens die regering van president Burgers is die hele aangeleentheid van lasgewing tot kommando's in die reine gebring toe d.m.v. wetgewing sodanige lasgewing aan die staatspresident opgedra is. Daarvoor

---

54) Vgl. bv. die volgende kopieë van briewe: R.2523/58, no. 68: Gouvernementsecretaris aan Veldkornette J. Viljoen en H. Potgieter, d.d. 16 April 1858; ibid., no. 69: Gouvernementsekretaris aan Landdroste van Pretoria en Rustenburg, d.d. 16 April 1858; ibid., no. 103: Gouvernementsecretaris aan veldkornet J. Kruger, d.d. 19 Junie 1858; ibid., no. 104 & 105: Gouvernementsecretaris aan landdroste van Rustenburg en Pretoria onderskeidelik, d.d. 19 Junie 1858; ibid., no. 117: Pres Pretorius aan kommandant-generaal Schoeman, d.d. 30 Junie 1858; ibid., no. 118: lasgewing aan 8 veldkornette, 30 Junie 1858; ibid., no. 119: Gouvernementsecretaris aan kommandant J.H. Visser, d.d. 30 Junie 1858; S.S. 68, no. 84: Waarn. pres. Viljoen aan assistent-kommandant C.G. Bodenstein, d.d. 3 Aug. 1865; R.720/65: Pres.Pretorius aan waarn. pres. Viljoen, d.d. 24 Junie 1865. Kyk ook Van Heerden: <u>Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R.</u>, bll. 151, 155, 157 e.v., 164.

55) Kyk Van Heerden: ibid., bl. 145.

56) Ibid., bll. 165-166.

moes hy egter eers die toestemming van die Uitvoerende Raad verkry behalwe wanneer die saak baie dringend was en die Uitvoerende Raad nie betyds kon vergader nie, in welke geval hy alleen opdrag kon gee, maar dan op eie verantwoordelikheid.[57] Terselfdertyd is dit ook neergelê dat die staatspresident met die Uitvoerende Raad las kon gee dat die burgers opgeroep word.[58] Sodra die staatspresident van oordeel sou wees dat die optrede van 'n kommando êrens noodsaaklik was, moes hy sy betrokke bevele direk aan die landdroste uitreik, wat dit dan weer aan die veldkornette sou oordra. Indien nodig, kon die staatspresident sodanige bevele ook direk aan die krygsoffisiere stuur, met mededeling daarvan aan die landdros.[59] Hierdie voorskrifte was nodig weens die afskaffing van die permanente kommandant-generaalsamp in 1873, want iemand moes in sake soos bogenoemde kon optree.

Toe die nuwe Krygswet in 1883 opgestel en daar weer 'n permanente kommandant-generaal vir die Z.A.R. was, is dit nodig gevind om die hierbo genoemde artikels van die Krygswet weer in hersiening te neem. Die bevoegdheid om tot die uittrek van kommando's opdrag te gee, is in die hande van die staatspresident, met toestemming van die Uitvoerende Raad, gelaat, maar indien omstandighede die raadpleging van die Uitvoerende Raad onmoontlik gemaak het, kon die staatspresident dit alleen doen, maar op advies van die kommandant-generaal in sy hoedanigheid as lid van die Uitvoerende Raad. In laasgenoemde geval sou staatspresident en kommandant-generaal verantwoordelik wees vir die opdrag wat deur hulle gegee is.[60] Die oproeping van die burgers is uit die hande van die

---

57) Wet 2/1876, art. 2 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 649).

58) Ibid., art. 5.

59) Ibid., art. 15. Kyk ook Volksraadsnotule (Z.A.R.), artt. 99-100, 19 Mei 1883 (Byvoegsel Staatscourant, 7 Junie 1883).

60) Wet 2/1883, art. 2 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl. 1164).

staatspresident geneem en aan die kommandant-generaal opgedra.[61] Daarmee was die saak dan vir die Z.A.R. permanent gereël.[62]

Ook in hierdie opsig was die mag van die staatspresident van die Z.A.R. meer beperk as die van die Vrystaatse president. In die O.V.S. was daar geen permanente kommandant-generaal nie,[63] en is alreeds in 1856 aan die staatspresident alleen die reg gegee om van die gewapende mag gebruik te maak in gevalle van

> "molesten of bezitneming van eenige private of publieke goederen of eigendommen, ongeoorloofde of gevaarlyke zamenrottingen, veedieveryen, landlooperyen, of benden, van eenige Volken van binnen of buiten de bewoonde of verklaarde grenzen van dezen Staat ....;" [64]

terwyl in 1866 bepaal is dat sodra die staatspresident dit nodig sou oordeel dat 'n kommando moes uitgaan, hy aan die krygsoffisiere deur middel van die landdroste of direk sodanige bevele moes gee. Daardeur is vir die Vrystaatse president sneller optrede moontlik gemaak maar is terselfdertyd 'n groter verantwoordelikheid op sy skouers geplaas.

(b) Staatspresident en Krygswet.

Die afkondiging van Krygswet is in die Z.A.R. aan die staatspresident opgedra, maar ook daarvoor het hy die toestemming van die Uitvoerende Raad nodig gehad. Sodanige afkondiging kon alleen geskied as die staat in dringende gevaar verkeer het. Die staatspresident en Uitvoerende Raadslede moes self besluit wanneer 'n gevaar dringend genoeg was om die proklamasie van Krygswet te regverdig, terwyl die kommandant-generaal ook by die vergaderinge van die

---

61) Ibid., art. 5.

62) Dieselfde bepalings is vervat in Wet 20/1898, artt. 2 & 6 (Locale Wetten der Z.A.R. 1898, bll.229-230).

63) Konstitusie (O.V.S.), 1854, art 54; ibid., 1866, art. 53 (Scholtz: a.w., bylae 1 en 2); Wetboek van den Oranjevrystaat 1854-1891, bl. 17. N.a.v. hierdie bepaling in die Konstitusie het die redakteur van De Zuid-Afrikaan (24 April 1854) o.a. geskrywe: "Deze republikeinen hebben eene heilzame beduchtheid voor militaire dwingelandy."

64) Ordonnansie 1/1856 (O.V.S.), afd.: "Betrekkelyk de Verklaring van Oorlog of het maken van Vrede," art.1.

Uitvoerende Raad teenwoordig moes wees(afgesien daarvan dat hy 'n lid van die Uitvoerende Raad was) wanneer oor krygsake beslis word.[65] Afkondiging van Krygswet het gelyk gestaan aan 'n algemene oproep van die krygsmag van die Republiek, waardeur elke dienspligtige burger verplig was om die wapens op te neem.[66] By geleentheid van die hersiening van die Grondwet in 1899 is bogenoemde bepalinge gehandhaaf, maar is ook nog die verdere verpligting op die staatspresident gelê dat hy dit ook moes doen in oorleg met die Kommandant-generaal.[67]

Die Regering het veral in die beginjare van die Republiek dikwels van die afkondiging van Krygswet gebruik gemaak om die burgers wat nie aan gewone oproepe tot kommandodiens gehoor wou gee nie, te verplig om dit te doen. So is byvoorbeeld alreeds op 15 Julie 1858 aan die kommandante en veldkornette die volgende kennisgewing gestuur:

> "Namens Z.HEd. den President heb ik u te berigten, dat ten gevolge van de onwilligheid der burgers, om aan de oproeping voor het Commando naar Onder Vaalrivier te voldoen, de Oorlogswet volgens art. 26 der Grondwet geproclameerd is; dien ten gevolge wordt door deze gelast dadelyk, alle uwe onderhoorige burgers, zonder onderscheid des persoons in het wapen op te roepen om zich naar het Commando naar Onder Vaalrivier te begeven." 68)

In 1863 het die Staatspresident en Uitvoerende Raad op versoek van kommandant-generaal Paul Kruger Krygswet geproklameer i.v.m. die Schoeman-moeilikhede. Kruger het die versoek gerig omdat hy nie voor dieselfde probleem te staan wou kom as sy voorgangers gedurende die vorige drie jare nie, naamlik dat telkens baie min burgers gehoor gegee het wanneer hulle

---

65) Grondwet (Z.A.R.), 1858, art. 70; ibid., 1889, art. 66; Wet 2/1896, art. 91.

66) Grondwet, 1858, art. 26; ibid., 1889, art. 23; Wet 2/1896, art. 23.

67) Konsepgrondwet, 1899, art. 74, soos goedgekeur per Eerste Volksraadsbesluit, art. 775, 8 Aug. 1899.

68) R.2523/58, no. 130; kopie van kennisgewing, d.d. 15 Julie 1858.

vir diens opgeroep is.[69] In 1865 moes weereens Krygswet afgekondig word. Die redes vir die stap is aangegee as synde die oorlog tussen die O.V.S. en die Basoeto's en die aanwesigheid van kommandant-generaal Kruger op die grens van Zoeloeland om toe te sien dat die Zoeloes nie die Z.A.R. aanval nie, maar aanleiding tot die proklamasie[70] was 'n rapport van die Kommandant-Generaal waarin hy om meer manskappe gevra het en o.a. ook verklaar het dat hy en sy Krygsraad besluit het om voortaan alle bevele onder Krygswet te gee en daarvolgens te handel.[71] Laasgenoemde besluit was blykbaar geneem met die oog op die verbetering van die dissipline.

Aangesien die afkondiging van Krygswet dikwels by die Volksraad en Uitvoerende Raad tot meningsverskil aanleiding gegee het, het kommandant-generaal Kruger in 1868 sy opinie aan die Staatspresident gegee. Dít was dat Krygswet in die eerste plek afgekondig moes word wanneer die staat deur 'n buitelandse vyand aangeval word, in welke geval die kommandant-generaal onmiddellik moes optree om die Oorlogswet ten uitvoer te bring. In die tweede plek kon Krygswet geproklameer word wanneer binnelandse vyande die staat bedreig, maar dan alleen as die plaaslike kommandant nie by magte is om die posisie die hoof te bied nie, en 'n algemene kommando, met die kommandant-generaal as bevelhebber, nodig is om dit te doen.[72]

Weereens spreek die wette van die O.V.S. in hierdie verband veel duideliker. Ook die Vrystaatse president was by magte om Krygswet te verklaar, ook met toestemming van die Uitvoerende Raad. Krygswet

---

69) Kyk Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl. 139.

70) Staatscourant, 25 Aug. 1865.

71) Van Heerden: a.w., bl. 153.

72) Ibid., bl. 175.

kon oor die hele staat of slegs in 'n gedeelte daarvan verklaar word

> "by gelegenheid van eenen inval of bedreigen inval in het land, door eenigen magtigen vyand, of by gelegenheid van eenen opstand in het land, in verband met zoodanigen vyand handelende, of in zichzelven van eenen geduchten aard zynde, zoodat er redenen zullen zyn te vermoeden dat daardoor eene geheele omwenteling in de regeering kan ontstaan door geweld van wapenen. De Staatspresident heeft het regt de opheffing der krygswet te verklaren, hetzy voor het geheel of ten deele, naar gelang van omstandigheden." 73)

(c) <u>Opperbevel: Staatspresident en Kommandant-generaal</u>.

In die Stuart-konsepgrondwet van 1855 wat voorlopig as grondwet van die Z.A.R. goedgekeur is,[74] is die opperbevel van die krygsmag wat toentertyd net uit die gewapende burgermag bestaan het, aan die staatspresident opgedra.[75] In die Grondwet wat deur Pretoriase Kommissieraad goedgekeur is in Mei 1856[76] is dié bepaling gehandhaaf,[77] maar in die uiteindelike Grondwet, soos vasgestel deur die Komitee van Volksverteenwoordigers in Januarie 1857[78] is die klousule so gewysig dat dit die opperbevel aan die Kommandant-generaal opgedra het.[79] Dit was dan ook die reëling tydens die hele bestaan van die Z.A.R.,[80] met uitsondering van die jare vanaf 1873 tot met die anneksasie van die Republiek in 1877.

---

73) Krygs- en Kommandowet, art. 1 (<u>Wetboek van den Oranjevrystaat, 1854-1891</u>, hoofstuk XL, bl. 274). Vgl. ook Scholtz: a.w., bl. 111.

74) Kyk bl. 207 van hierdie werk.

75) Art. 17 van Konsepgrondwet (<u>S.A. Argiefstukke</u>, Tvl., no. 3, bl. 393).

76) Kyk bll.214 e.v. van hierdie werk.

77) Afd. "Over de Krygswet," art. 3 (<u>S.A. Argiefstukke</u>, Tvl., no. 3, bl. 141).

78) Kyk bl.217 van hierdie werk.

79) Grondwet, 1858, art. 104. Kyk ook Instruksie vir Kommandante, 1858, art. 8 (<u>Locale Wetten der Z.A.R. 1848-1885</u>, bl. 101).

80) Wet 2/1883, art. 5 (<u>Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885</u>, bl. 1166); Grondwet, 1889, art. 102 (ibid., 1888-1889, bl. 187); Wet 2/1896, art. 126 (ibid., 1896, bl. 51); Wet 20/1898, art. 6 (ibid., 1898, bl. 230).

Nadat die permanente kommandant-generaalsamp in 1873 afgeskaf is,[81] het 'n wetswysiging ten opsigte van die krygswese nodig geword onmiddellik nadat die eerste moeilikheid sy kop uitgesteek het. Toe die Sekoekoeni-oorlog in Mei 1876 uitgebreek het, het Burgers rede gehad om die afskaffing van die permanente kommandant-generaalsamp te betreur, want met die uitbreek van die oorlog was daar geen militêre hoof aan wie opdrag gegee kon word om die leiding te neem nie. Die eerste stap van president Burgers was dan ook om 'n persoon te vind om as kommandant-generaal op te tree, maar dit het telkens op 'n mislukking uitgeloop.[82] Uiteindelik het die Uitvoerende Raad teen Burgers se sin besluit dat die Staatspresident self as opperbevelhebber aan die hoof van die kommando moes uittrek.[83] Voorheen is altyd 'n reglement van orde vir die kommando deur die Kommandant-generaal opgestel, maar by hierdie geleentheid het die Volksraad self die taak onderneem, waarvan die resultaat was 'n wet om die krygsdiens te reël.[84] Artikel 5 van hierdie wet het die opperbevel oor die hele krygsmag aan die staatspresident opgedra. Dit was meteens ook die enigste keer in die geskiedenis van die Z.A.R. dat 'n staatspresident in hierdie hoedanigheid aan die hoof van 'n kommando uitgetrek het.[85]

---

[81] Kyk bl.299 van hierdie werk.

[82] Engelbrecht: T.F. Burgers, bll. 199-200; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll. 186-187 en voetnoot 37 op bl. 187; Van Oordt: a.w., bl. 160.

[83] Van Heerden: ibid., 187. Van Oordt: a.w., bl. 160, beweer dat Burgers self besluit het om die opperbevel op hom te neem. Dit was nie die geval nie, soos Engelbrecht tereg aantoon (a.w., bll. 199-200).

[84] Wet 2/1876 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bll. 649 e.v.); kyk ook Van Heerden: ibid., 187-188).

[85] In 1866 was M.W. Pretorius ook verplig om die leiding van 'n kommando na Noord-Transvaal op hom te neem. Dit was egter te wyte aan die ongesteldheid van kommandant-generaal Kruger en die mislukte pogings van Pretorius om 'n ander persoon te kry om in Kruger se plek op te tree (Van Heerden: ibid., bll. 157-159).

As opperbevelhebber van die gewapende magte was die kommandant-generaal egter aan die staatspresident verantwoordelik. Die kommandante moes die driemaandelikse verslae wat in vredestyd deur die veldkornette aan hulle ingestuur moes word, tesame met hulle eie verslag aan die kommandant-generaal stuur, en insgelyks moes laasgenoemde die verslae van die kommandante tesame met sy eie elke drie maande aan die staatspresident besorg.[86)]

Hoewel die kommandant-generaal nie deur die staatspresident aangestel is nie, maar 'n gekosene van die volk was;[87)] hoewel hy anders as alle ander krygsoffisiere deur die Volksraad beëdig is,[88)] en hoewel hy 'n lid van die Uitvoerende Raad was,[89)] was hy onderworpe aan die bevele van die staatspresident. Dit word wel nêrens in die Grondwet neergelê nie, maar tog is in die Grondwet bepaal dat as die kommandant-generaal die bevele van die staatspresident nie gehoorsaam en uitvoer nie, hy beboet sou word met Rds. 50 tot Rds. 2000

"en verder naar den aard der zaak."[90)]

Hierdie bepaling kom nie in die verdere gewysigde Grondwette van die Republiek voor nie, maar in die eerste Krygswet na die anneksasie-periode is uitdruklik gekonstateer dat die kommandant-generaal in vredes- sowel as in oorlogstyd onder die staatspresident staan, maar dat hy tergelykertyd aan die

---

86) Grondwet, 1858, artt. 110-111; Instruksie vir Kommandante, 1858, artt. 11-12 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bll. 101-102); Grondwet, 1889, artt. 107-108 (ibid., 1888-1889, bl. 189); Wet 2/1896, artt. 131-132 (ibid., 1896, bl. 52).

87) Kyk bl. 298 van hierdie werk.

88) Grondwet, 1858, art. 107; ibid., 1889, art.105; Wet 2/1896, art. 129. (Slegs in Wet 2/1883 word bepaal dat hy deur die Staatspresident beëdig word.)

89) Kyk bl.298 van hierdie werk.

90) Grondwet, 1858, art. 109. Hierdie boete is nog in 1858 verander tot 'n minimum van Rds.50 en 'n maksimum van Rds. 1000 (Volksraadsnotule, art. 23a, Sept. 1858 - Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 104). In 1883 is die boete gestel op £20 tot £100, en in die geval van voortdurende weiering was die straf ontslag uit sy pos (Wet 2/1883, art.11), terwyl in 1898 die strop nog nouer getrek is deur die bepaling in die Krygswet dat die boete gestel word op £50-£500

Volksraad verantwoordelik was, veral i.v.m. die afloop van die kommando of oorlog.[91]

Met die hersiening van die Grondwet in 1899 is dit goed gedink om hierdie bepaling ook in die Grondwet op te neem, en die voorgestelde artikel, wat na 'n lang bespreking deur die Eerste Volksraad aanvaar is, het as volg gelui:

> "Aan het hoofd van de krygsmacht staat de Commandant-Generaal, die in vrede en oorlog onder den Staatspresident staat en voor zyn beleid ook verantwoordelyk is aan den Eersten Volksraad."[92]

Die bewoording van hierdie artikel het die lede van die Eerste Volksraad heeltemal in die middel van die wêreld gehad. Waar hulle die vorige jaar dieselfde artikel in die Krygswet, sonder enige bespreking van hierdie besondere klousule, goedgekeur het,[93] kon hulle nou veral nie verstaan hoe dit kon wees dat die Kommandant-generaal onder die Staatspresident staan en dan aan die Eerste Volksraad verantwoordelik kon wees nie. Na herhaalde verduideliking deur lede van die Grondwethersieningskommissie het die Eerste Volksraad die bedoeling van die artikel dan as volg verstaan. Die kommandant-generaal is verplig om die bevele van die staatspresident uit te voer wanneer hy byvoorbeeld van die president opdrag kry om die burgers op te roep, met 'n kommando uit te trek, oorlog te voer, ens. As die kommando egter in die veld was, moes die Kommandant-generaal sy eie beleid ten opsigte van strategie, aanval en verdediging uitwerk, en daarvoor was hy aan die Eerste Volksraad verantwoordelik. Die staatspresident kon ook, as 'n

---

met 18 maande gevangenisstraf by gebreke van betaling, en ontslag in die geval van voortdurende weiering(Wet 20/1898, art. 36). Deur laasgenoemde artikel is ook nog bepaal dat die boete opgelê word deur die president met advies en toestemming van die Uitvoerende Raad.

91) Wet 2/1883, art. 29. Onveranderd in Wet 20/1898, art. 48.

92) Konsepgrondwet, 1899, art. 110 (opgeneem in Notule Eerste Volksraad, art. 594, 25 Julie 1899).

93) Notule Eerste Volksraad, artt. 1518-1522, 1 Nov. 1898.

kommando of die hele burgermag in aksie was, aan die Kommandant-generaal bevele gee in verband met krygsoperasies, maar as die opperbevelhebber van die krygsmag sou meen dat die uitvoering van die president se bevele nie die gewenste resultaat sou oplewer nie, was hy vry om sy eie beleid te volg, met dien verstande egter dat hy vir sy optrede aan die Eerste Volksraad verantwoordelik was. Voer hy die bevele van die staatspresident uit, het dit natuurlik op verantwoordelikheid van die lasgewer geskied.[94]

Alhoewel die kommandant-generaal as verantwoordelike hoofamptenaar onder die staatspresident gestaan het, het die president nie die reg gehad om hom uit sy betrekking te ontslaan nie, maar moes hy, as hy hom aan wangedrag, verduistering van staatseiendom, verrraad en ander groot misdade sou skuldig maak, deur die Uitvoerende Raad in 'n staat van beskuldiging gestel word. Eweas die staatspresident en lede van die Uitvoerende Raad moes die Volksraad hom dan deur die Hooggeregshof(later die besondere hof) laat verhoor, en na skuldigbevinding moes die Volksraad hom uit sy amp ontslaan.[95] In die krygswette is bepaal dat die kommandant-generaal ook ontslaan kon word as hy aanhoudend weier om die bevele van die staatspresident uit te voer.[96] Hoewel die prosedure wat in laasgenoemde geval gevolg moes word,nie deur

---

94) Ibid., art. 859, 14 Aug. 1899 en artt. 861-862, 15 Aug. 1899.

95) Aangesien die beskuldiging, verhoor en ontslag van die kommandant-generaal deur dieselfde wette beheer is as dié van die staatspresident, en die prosedure dieselfde was, word hier nie weer daaroor in besonderhede getree nie, maar word die leser verwys na hoofstuk VIII, paragraaf 6b van hierdie werk.

96) Wet 2/1883, art. 11 (Locale Wetten der Z.A.R. 1849-1885, bl. 1169); Wet 20/1898, art. 36 (ibid., 1898, bl. 236).

die Krygswet omskrywe is nie, is dit vanselfsprekend dat dit ook volgens die voorskrif van die Grondwet sou moes geskied. Sodra die kommandant-generaal in ŉ staat van beskuldiging gestel was, moes hy, net soos die staatspresident, onmiddellik tydelik deur die Volksraad geskors word,[97] en het die Regering die mag gehad om die vakature tydelik op te vul tot tyd en wyl ŉ ander kommandant-generaal deur die volk gekies sou word.[98]

Hierdie prosedure het die hande van die staatspresident van die Z.A.R. ongetwyfeld gebind. Indien dit nodig sou wees, wat dit gelukkig nooit was nie, om die kommandant-generaal in die loop van krygsverrigtinge onmiddellik te vervang, was bogenoemde prosedure beslis nie die gewenste nie en sou dit meer doeltreffend gewees het as die staatspresident, met of sonder toestemming van die Uitvoerende Raad, die reg gehad het om ŉ kommandant-generaal onmiddellik te skors behoudens sy(of hulle) verantwoordelikheid aan die Volksraad. Aan die ander kant was die staatspresident van die Z.A.R. weer gelukkig dat hy ŉ man soos die kommandant-generaal aan die hoof van krygsake gehad het, wat bowendien as ŉ volstemgeregtigde lid in die Uitvoerende Raad sitting gehad het en verplig was om vergaderinge van die Uitvoerende Raad by te woon as oor krygsake beslis is. Dit het die sware verantwoordelikheid van die president effens verlig en die kommandant-generaal was vir hom voortdurend ŉ eerstehandse bron van inligting m.b.t. krygsake, waaroor hy en die Uitvoerende Raad telkens moes beslis.

Ook in hierdie opsig het die posisie wat die staatspresident van die Z.A.R. ingeneem het van dié van die Vrystaatse president verskil. Aangesien die Vrystaat oor geen kommandant-generaal in vredestyd beskik het nie, maar daar telkens, as krygsverrigtinge nodig was, een deur die veldkommandante vir die duur van die kommando gekies moes

---

97) Notule Eerste Volksraad, art.1454, 23 Aug.1894(Locale Wetten der Z.A.R.1894, bl.307), opgeneem in Wet 2/1896, art. 86(ibid., 1896, bl.45)en Konsepgrondwet, 1899, art.84, soos bespreek en goedgekeur(Notule Eerste Volksraad, artt.792-793, 8 Aug.1899).

98) Wet 20/1898, art.36 (kyk voetnoot 96 hierbo).

word,[99] is die opperbevel oor die Vrystaatse krygsmag, net soos in die geval van die Amerikaanse president,[100] aan die staatspresident opgedra. Hoewel daar nie 'n spesifieke artikel in die grondwet van die O.V.S. aangetoon kan word waarin hierdie mag direk aan die staatspresident verleen is nie, is dit tog duidelik dat die bepaling waarin dit aan die president opgedra is om die kommandant-generaal van instruksies te voorsien, niks anders kan beteken nie.[101] Bowendien is hierdie artikel sedert 1866 in 'n aangevulde en uitgebreide vorm in die agtereenvolgende kommandowette opgeneem, waardeur die president die bevoegdheid gekry het om selfs sonder die tussenkoms van die kommandant-generaal direkte instruksies wat hy nodig mog ag, aan offisiere te gee.[102] Hoewel president Brand nooit self as opperbevelhebber van die kommando's te velde opgetree het nie, was dit tog hy wat in die verskillende Basoeto-oorloë werklik aan die spits van die krygsverrigtinge gestaan het,[103] terwyl president Steyn gedurende die eerste tydperk van die Tweede Vryheidsoorlog aktief aan die oorlogsleiding deelgeneem het tot met die opkoms van generaal de Wet, waarná die Staatspresident dit al meer en meer in die hande van die bekwame Generaal gelaat het totdat hy hom eindelik glad nie meer met die militêre leiding ingelaat het nie.[104]

99) Kyk bl. 461 hierbo en Konstitusie (O.V.S.), 1854, art. 53; ibid., 1866, art. 52 (Scholtz: a.w., bylae 1 en 2); Wetboek van den Oranjevrystaat 1854-1891, bl. 17. Kyk ook Scholtz: a.w., bl. 34.

100) Konstitusie (V.S.A.), art.II, seksie 2(1): "The President shall be commander in chief of the army and navy of the United States, and of the militia of the several States, when called into the actual service of the United States ...."

101) Kyk voetnoot 99 hierbo.

102) Krygs- en kommandowet, art. 4 (Wetboek van den Oranjevrystaat 1854-1891, hoofstuk XL, bl. 275); Scholtz: t.a.p., bl. 115.

103) Scholtz: ibid., bl. 116.

104) Van der Merwe: M.T. Steyn II, bl. 4 Scholtz: a.w., bl. 116.

Dit wil natuurlik nie sê dat die Vrystaatse president hom van die oorlog onttrek het nie, maar na die inname van Bloemfontein en die geleidelike opmars van die Britse magte in die O.V.S. het president Steyn met sy Uitvoerende Raad saam met die kommando van generaal de Wet die land kruis en dwars deurtrek en regeringsake so goed as wat omstandighede toegelaat het, behartig. Daarby het hy 'n magtige rol ten opsigte van die oorlog gespeel deur sy aanhoudende besoeke aan kommando's en voortdurende bemoediging van burgers op die slagvelde. Die persoonlike voorbeeld wat die President gestel het, was vir sy burgers en offisiere voorwaar 'n riem onder die hart. Deur voortdurend met die Regering van die Z.A.R. in verbinding te bly, kon hy ook 'n reuse-invloed op beleidsake in verband met die oorlog uitoefen.[105)]

Hoewel president Kruger nie aan die krygsverrigtinge deelgeneem het nie en na die val van die hoofstad ook nie saam met een of ander kommando getrek het nie, is hy voortdurend deur middel van telegrafiese berigte en rapporte op hoogte gehou met die verloop van die oorlog. Vir die gryse President met vier-en-sewentig somers agter die rug het hy met die deurlees van die telegramme wat by die honderde ingestroom het, waarvoor hy selfs twee en meer keer per nag moes opstaan, en in die versending van byna net soveel telegramme van raadgewing, vermaning en bemoediging na alle dele van die front, inderdaad wondere verrig,[106)] en dit terwyl sy gesondheid soveel te wense oorgelaat het dat sy persoonlike geneesheer altyd in sy onmiddellike nabyheid moes wees.[107)] Daarby het president Kruger nie in die regeringsetel stilgesit nie, maar trots sy hoë ouderdom hom telkens na die front gehaas waar hy toestande self gaan ondersoek en die burgers moed ingepraat het. So het hy hom byvoorbeeld nadat die burgers die stellinge by Ladysmith verlaat het, daarheen begeef om die burgers

---

105) Kyk Van der Merwe: ibid., hoofstuk 1 vir besonderhede i.v.m. die optrede van Steyn. Besonderhede kan ook gevind word in C.R.de Wet: <u>De Stryd tusschen Boer en Brit</u>.

106) Bredell en Grobler: a.w., bll. 199-200; Nathan: a.w., bl. 455.

107) Nathan: a.w., bl. 454.

wat opnuut te Glencoe stelling ingeneem het, te gaan bemoedig.[108] Pas was hy in Pretoria terug of die President was weer op weg na Bloemfontein en vandaar na Poplar Grove aan die Modderrivier om die burgers te gaan toespreek, alwaar hy in die hitte van die geveg gearriveer het en onmiddellik weer moes vertrek.[109] Nie lank in Pretoria terug nie, bevind hy hom weer te Kroonstad, waar hy ook 'n krygsraadsvergadering onder voorsitterskap van president Steyn, opperbevelhebber van die Vrystaatse magte, op 20 Maart 1900 bygewoon het.[110] Lank kon hierdie persoonlike besoeke aan kommando's nie voortduur nie want op 29 Mei 1900 was Kruger verplig om met die Uitvoerende Raad Pretoria te verlaat om die nuwe tydelike Regeringsetel te Machadodorp te betrek.[111] Vanuit die nuwe setel het die Staatspresident egter altyd op hoogte gebly met die krygsverwikkelinge en het raadgewinge en bemoedizinge per telegram nie opgehou nie. Dit was vir Kruger egter nog net 'n paar maande gegun om sy persoonlike invloed in krygsake te laat geld en om sy persoonlike aandag daaraan te skenk, want in Desember 1900 het hy na Europa vertrek op grond van 'n besluit geneem deur die gesamentlike Uitvoerende Rade van die Z.A.R. en O.V.S. Hierdie besluit is op 10 Desember 1900 per proklamasie bekend gemaak:

> "Nademaal de hooggevorderde leeftyd van Zyn HoogEdele den Staatspresident het onmogelyk maakt voor Zyn HoogEdele om verder met de kommandoś mee te trekken;
> en nademaal de Uitvoerende Raad overtuigd is, dat de hooggewaardeerde diensten van Zyn HoogEdele nog nuttig besteed kunnen worden in belang van land en volk;
> besluit de Uitvoerende Raad hiermede om Zyn HoogEdele verlof van aanwezigheid naar Europa te verleenen voor den tyd van zes maanden, om onze zaak aldaar te bevorderen, en treedt de heer S.W.Burger, Vice-President op, in zyne plaats, volgens Wet."[112]

---

108) Bredell en Grobler: a.w., bl. 200; Nathan: a.w., bl. 455.

109) Van der Merwe: M.T.Steyn II, bll. 7-8; De Wet: a.w., bl. 68; Bredell en Grobler: a.w., bll. 200-201.

110) Van der Merwe: ibid., bl. 12; De Wet: ibid., bl. 82; Bredell en Grobler: ibid., bl. 201; D.W.Krüger: Die Tweede Vryheidsoorlog (Geskiedenis van Suid-Afrika, II, bl. 575).

111) Bredell en Grobler: a.w., bll. 203-204.

112) Hierdie proklamasie wat deur Burger as vise-president en Reitz as staatssekretaris onderteken is, is gepubliseer in Bredell en Grobler: a.w., bl.207. Almal het blykbaar besef dat die ses maande waarvoor verlof aan Kruger toegestaan is 'n blote formaliteit was (vgl. ook Nathan: a.w., bl. 462).

Afgesien van sy besoeke en telegramme van bemoediging aan die kommando's het die Staatspresident van die Z.A.R. sy offisiere met raadgewing bygestaan en het hy en die Vrystaatse President gedurig met mekaar in kontak gebly, sodat hulle die nodige bevele in verband met die verskuiwing van kommando's na ander dele van die gevegsfronte, waar Britse aanvalle hewiger geword het, kon uitreik.[113] Die Staatspresident het ook, kragtens die wetlike bevoegdhede wat hy besit het, nie geaarsel om bevele aan die Kommandant-Generaal en ander offisiere te gee nie. Kort na die aanvang van die oorlog het kommandant de Beer byvoorbeeld vanuit die weste aan die President van sy bewiginge verslag gedoen en o.a. meegedeel van 'n voorgenome verskuiwing van sy kommando, wat egter direk deur president Kruger verbied is omdat hy dit beslis nie as raadsaam geag het nie.[114] Na die katastrofale slag van Elandslaagte het president Kruger onmiddellik met kommandant-generaal Joubert in verbinding getree en bevele aan hom gesein om dadelik al die magte wat hy tot sy beskikking gehad het, byeen te bring sodat die Engelse geen verdere suksesse teen gedeeltes van die Boeremagte kon behaal nie. Aan Joubert is terselfdertyd ook opdrag gegee om toe te sien dat voldoende ammunisie en voedsel na die gevegsfront gestuur moes word.[115]

Hoewel die Staatspresident van die Z.A.R. nie aktief aan die oorlog en aan die leërleiding deelgeneem het nie, het hy al sy kragte ingespan om sake op die verskillende fronte te probeer reghou. Dit kon feitlik net hy alleen doen omdat die opperbevelhebber van die krygsmagte self in die veld was en die President die enigste verantwoordelike persoon was wat deur die verslae en rapporte wat hy van alle dele van die slagveld ontvang het, min of meer 'n totaalbeeld van die toestande kon vorm.

(d) Staatspresident en krygsoffisiere.

Oor die benoeming van offisiere van die gewa-

---

113) Kyk o.a. Breytenbach: Die Tweede Vryheidsoorlog, II, bll. 66, 67, 81, 230, 253; Van Heerden: a.w., bl. 360.

114) Breytenbach: ibid., bl. 83.

115) Ibid., bll. 229-230; vgl. ook ander bevele van die Staatspresident (Van Heerden: a.w., bll. 358, 359, 364).

pende burgermag in vredestyd het die staatspresident van die Z.A.R. hoegenaamd geen seggenskap gehad nie omdat hulle op die volgende wyse deur die burgers van die Republiek gekies moes word:

"De officieren worden by meerderheid van stemmen gekozen namelyk, de Assistent-Veldcornetten en Veldcornetten, door de stemgeregtigde burgers der wyken; zoo de Commandanten door de stemgeregtigde burgers der districten ... De kiesloten voor de verkiezing der Officieren, zullen by de Landdrosten bezorgd worden, die deze zullen moeten opzenden aan den Uitvoerende Raad." 116)

Teen hierdie metode van benoeming van offisiere kan tot 'n groot mate dieselfde besware ingebring word as in die geval van die regterlike amptenare,[117] veral waar die offisiere in vredestyd die president ook bygestaan het in die uitoefening van die landsadministrasie. Tweeas in die geval van alle amptenare kon die staatspresident ten opsigte van vakante betrekkings voorlopige aanstellinge doen tot tyd en wyl daar geleentheid sou wees om 'n permanente offisier te laat kies. Krygsoffisiere, wat as landsamptenare beskou is, kon deur die staatspresident, met goedkeuring van die Volksraad, uit hulle betrekkings ontslaan word. Oor die algemeen was die offisiere van die Z.A.R. pligsgetroue mense want feitlik alle kennis-

116) Grondwet, 1858, art. 100; Instruksie vir Veldkornette, 1858, art. 1 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl. 90); Instruksie vir Kommandante, art. 5 (ibid., bll. 100-101). Die enigste wysiging t.o.v. hierdie artikel is in die Krygswet van 1876 gemaak toe bepaal is dat na oproep tot krygsdiens vir elke distrik 'n kommandant deur die veldkornette en assistent-veldkornette van die distrik gekies sou word vóór hulle die distrik verlaat (Wet 2/1876, art.4 - Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bll. 649-650). Na 1881 het die ou reëlings egter weer in werking getree (Wet 2/1885, art.1; Grondwet, 1889, art. 98; Wet 2/1896, art. 122; Wet 20/1898, art. 12).

117) Kyk bll. 421 e.v. van hierdie werk. Vgl. ook bv. die volgende brief van "Vrystater" in The Friend, 6 Okt. 1865 i.v.m. dieselfde metode wat in die O.V.S. in swang was: "Volgens Constitutie worden onze Commandants gekozen door het publiek in ieder district, en wanneer de kiezing plaats vindt word gemeenlyk niet besproken: 'Wie is de dapperste man?' 'Wie heeft de meeste ondervinding, de meeste bekwaamheid voor bevel in Kafferoorlogen?' maar: 'Wie is de voorzigtigste man, en is hy van onze familie,' en zulk een werd in het algemeen gekozen; en daarom is het dat onder onze vele Commandanten maar weinig bekwaam zyn voor het ambt, en dat is de reden dat wy niet eerder de overwinning over de Basutos hebben. Het is myn vurig wensch dat by de eerste zitting van den Volksraad de verkiezing de verkiezing van commandanten door het publiek zal te niet gemaakt worden, en dat de President de magt zal krygen om in tyd van oorlog Commandanten aan te stellen, en wanneer hy goede keuze doet kan

gewings wat in die Staatscourant verskyn het, waarin van die ontslag van krygsoffisiere kennis gegee is, meld dat die ontslag op eie versoek verleen is.

Offisiere van die vrywilligerskorpse, polisie en artillerie is as amptenare van die staat beskou en is derhalwe deur die staatspresident, met goedkeuring van die Volksraad, aangestel en ontslaan.

(e) Ander magte en pligte van die staatspresident.

Ten slotte kan nog op 'n paar ander magte en pligte van die staatspresident met betrekking tot krygsake gewys word.

(i) Vrystellinge van krygsdiens.

Die agtereenvolgende Grondwette en Krygswette van die Z.A.R. het voorsiening gemaak dat sekere burgers van die staat van aktiewe diens vrygestel is, maar in plaas daarvan moes hulle bydraes in geld of goedere lewer tot 'n bedrag wat deur die Uitvoerende Raad by wyse van 'n ordonnansie vasgestel sou word.[118)] Slegs in een enkele geval kon 'n persoon hom in verband met vrystelling van krygsdiens op die staatspresident beroep, naamlik wanneer hy tydens die tyd van sy dienspligtigheid om een of ander rede die land moes verlaat. Hy moes in elk geval eers by sy betrokke veldkornet verlof aanvra om oor die grense van die staat te mag gaan. Indien die gevraagde verlof deur die veldkornet geweier word, kon hy hom tot die landdros wend en alleen as laasgenoemde ook weier, kon hy hom vir die verkryging van die gevraagde verlof op die staatspresident beroep.[119)] Die staatspresident het hierdie mag egter slegs vir 'n kort tydjie besit, naamlik vanaf 1876 tot met die anneksasie van die Republiek in die volgende jaar. Sedert 1883 is die mag aan die kommandant-generaal en sy krygsraad toevertrou.[120)]

(ii) Aflegging van eed deur offisiere.

Alle krygsoffisiere, met uitsondering van die kommandant-generaal,[121)] moes voor die aanvaarding van

---

hy verwachten in aanstaande oorlogen een spoedige en betere uitwerking als de tegenwoordige."

118) Grondwet (Z.A.R.), 1858, artt. 114-116. Sedert 1883 moes 'n spesiale kommissie die bedrag bepaal (Wet 2/1883, art. 8), terwyl in die Krygswet van 1898 die taak aan die veldkornet opgedra is (Wet 20/1898, art. 43).

119) Wet 2/1876, art. 18.

120) Wet 2/1883, art 18; Wet 20/1898, art. 40.

121) Kyk bl.466 van hierdie werk.

hulle betrekking die voorgeskrewe ampseed voor die staatspresident of voor 'n deur hom aangewese bevoegde amptenaar aflê.[122] In 1898 is die staatspresident egter ook van hierdie plig onthef toe die afneem van ampsede van offisiere aan die kommandant-generaal of die landdros van die betrokke distrik waarin die betrokke offisier dienspligtig is, opgedra is.[123]

(iii) Verdeling van buit.

Die verdeling van buit na afloop van 'n kommando of oorlog was 'n saak waaraan sedert die Trekdae noukeurig aandag geskenk is. Dit is derhalwe geen wonder dat in die Grondwet die toesig oor hierdie verdeling van buit aan die staatspresident van die Z.A.R. opgedra is nie. Die buit moes gelyk verdeel word tussen die burgers wat aan die betrokke kommando of oorlog deelgeneem het nadat eers uit die buit voorsiening gemaak is vir:

(a) vergoeding van skade wat ten gevolge van die kommando aan waens, perde en trekvee berokken is;
(b) oorlogskoste wat deur die Regering in verband met die kommando aangegaan is;
(c) onderstand en beloning van ernstig gewonde burgers;
(d) 'n fonds ter ondersteuning van weduwees en wese van burgers wat tydens die kommando gesneuwel het.[124]

Aan die staatspresident is die besondere taak deur die Grondwet opgedra dat hy binne een maand na afloop van 'n kommando deur middel van die landdroste moes toesien dat die swaargewondes, weduwees en wese hulle deel van die buit ontvang,[125] terwyl die kommandant-generaal en krygsraad 'n afskrif van 'n lys waarop alle buit

---

122) Grondwet, 1858, art. 107; Instruksie vir Veldkornette, 1858, art. 62 (Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885, bl. 99); Instruksie vir Kommandante, 1858, art. 20 (ibid., bl. 103); Wet 2/1883, art. 27 (ibid., bl. 1173); Grondwet, 1889, art. 105 (ibid., 1888-1889, bl. 188); Wet 2/1896, art. 129 (ibid.,1896, bl. 52).

123) Wet 20/1898, art. 24 (ibid., 1898, bl. 232).

124) Grondwet, 1858, art. 125. Deur latere wetgewing is ook die verhouding waarvolgens buit tussen die verskillende instansies verdeel moes word, gereël (bv. Wet 2/1883, art. 35 en Wet 20/1898, art. 51). Dit is egter nie hier ter sprake nie.

125) Grondwet, 1858, art. 126; ibid., 1889, art. 114; Wet 2/1896, art. 138. Sedert 1898 is hierdie artikel in die Krygswet opgeneem en is die toesig van die staatspresident in dié verband aan die betrokke kommandante van die distrikte opgedra (Wet 20/1898, art.52).

sowel as die verdeling daarvan aangedui word, aan die staatspresident en Uitvoerende Raad moes instuur.[126)]

(iv) Eervolle vermelding van dapperes.

Uiteindelik het die staatspresident ook nog die eervolle vermelding van dapperes tot taak gehad. Elke bevelvoerende offisier moes van die burgers wat hulleself buitengewoon onderskei het deur dapperheid, moed en gedrag aan die staatspresident ŉ rapport lewer met noukeurige vermelding van alle besonderhede, waarop die president

> "de aldus gerapporteerde by afzonderlyke kennisgeving eervol in de Staatscourant doen vermelden." 127)

Uit hierdie kort uiteensetting word dit dan ook meteens duidelik dat die staatspresident van die Z.A.R. ook ten opsigte van krygsake in ŉ sterk posisie gestaan het, en dat hy, hoewel hy nie soos sy Vrystaatse kollega, self ook nog opperbevelhebber van die krygsmag was nie, hy ook in die opsig ŉ uiters belangrike rol kon speel. Trouens, dit was ook beslis nodig dat die staatspresident, aan wie die handhawing van die wette, goeie orde en onafhanklikheid van die staat toevertrou was, die krygsmag te alle tye tot sy beskikking moes hê.

---

125) Wet 2/1883, art. 35; Wet 20/1898, art. 51.

126) Wet 2/1876, art. 33; Wet 2/1883, art. 33; Wet 20/1898, art. 53. Laasgenoemde wetsartikel is egter so gewysig dat ŉ bevelvoerder van sodanige burger(s) rapport aan die staatspresident kon doen, waarop dan die eervolle vermelding gevolg het.